## DIE REPUBLIEKFEES-SEËLS VAN 1966

Elke kunsrigting, veral wanneer dit gebruiksvoorwerpe betref, het sy hoogte- en laagtepunte. Selfs met posseëls is dit die geval. Die oorsaak moet o.a. daarin gesoek word dat nuwe seëls, veral in Suid-Afrika, op ongereëlde tye verskyn en dat daar gevolglik geen voltydse aandag aan bestee kan word nie. Die werksaamhede neem strek toe wanneer daar een of meer nuwe seëls in voorbereiding is, en verdwyn weer wanneer sulke seëls die publiek bereik het.

Dit het in die afgelope jare 'n gewoonte geword, amper 'n sport, om nuwe Suid-Afrikaanse posseëls hewig te kritiseer. Niemand wil ontken dat daarvoor soms geen rede bestaan het nie. Daar word egter uit die oog verloor dat ook 'n minder geslaagde seël sy goeie punte het, en hieroor verneem ons deurgaans maar baie min. Dat opmerkings uit die buiteland dikwels vol lof oor ons seëls is, word gerieflikheidshalwe vergeet.

Maar selfkritiek is 'n lofwaardige eienskap. Dit het ook die hoër posbeamptes besef toe die plan bespreek is om vir die herdenkingsfees van die vyfjarige bestaan van die Republiek Suid-Afrika, 'n stel besondere posseëls uit te gee. Gevolglik is in 1965 'n kompetisie uitgeskryf en die publiek is uitgenooi om ontwerpe voor te lê wat geskik sou wees om vir die republiekfees-seëls gebruik te word. Die reaksie was groter as wat verwag is: amper honderd-en-veertig ontwerpe is ingestuur. Hierby was daar uitstekende uitvoerings en baie oorspronklike gedagtes, maar geen een was geskik om as ontwerp vir die herdenkingseëls te dien nie. Dit is ook wel begryplik. Posseëlontwerp is die werk van 'n spesialis, waarby aan besondere vereistes voldoen moet word en waarvoor sekerlik nie elke kunstenaar of ontwerper oor die juiste aanleg beskik nie. Dié ontwerpe is gevolglik afgekeur.

Aangesien daar inmiddels 'n paar maande verby gegaan het en die tyd min geword het, het die posowerhede 'n komitee aangestel, wat bestaan het uit hoër departementele beamptes, verteenwoordigers van die Republiekfeeskomitee en die staatsdrukkery, kunskenners en verder enkele persone wat op daardie tydstip van diens kon wees. Hierdie komitee het hom toegespits op die taak om met geskikte seëls vir die vyfjarige herdenking van die Republiek van Suid-Afrika voor die dag te kom. Onmiddellik het die vraag ontstaan: wat het in hierdie vyf jaar in Suid-Afrika plaasgevind? Die antwoord was nie byster moeilik nie. Dit was vyf jaar van oorbluffende ontwikkeling en tegnies-wetenskaplike vooruitgang, van ekonomiese voorspoed en, ondanks 'n knellende droogte, ook 'n geweldige selfstandige vooruitgang. DIT is wat herdenk sou word. En dit het onmiddellik duidelik geword dat vir die uitbeelding van vyf sulke jare geen gebruik gemaak kon word van historiese simbole, toneelmatige taferele of gedramatiseerde gebare nie. Die komitee het besluit om een kunstenaar te nader om die ontwerp te maak vir die vier besondere seëls wat beoog was. Die keuse het geval op Cecil E. F. Skotnes, en in die volgende maande sou dit blyk 'n besonder gelukkige keuse te wees.

Cecil Skotnes is in 1926 in Oos-Londen gebore. Hy studeer tekenkuns in Florence en werk in die Tegniese Kollege in Johannesburg. In 1950 behaal hy sy B.A.-graad in Skone Kunste aan die Witwatersrandse Universiteit. Sedertdien het hy aansienlike bydrae tot die Suid-Afrikaanse kuns gelewer. Vandag moet hy as een van die beste houtsnee-kunstenaars in ons land beskou word. Hy is 'n aangename mens in die omgang, met 'n praktiese kyk op die lewe en bowendien 'n uitstekende vakman.

Skotnes het spoedig, nadat hy die opdrag ontvang het, vier ontwerpe voorgelê. Hulle het bestaan uit 'n kaal rots, 'n primitiewe plant, 'n ryp tropiese boom, en ten slotte 'n voorstelling van die koms van die mens self. Alles was sterk gestileerd en simbolies uitgebeeld. Dit was pragtige ontwerpe, uitgevoer in mooi sagte blou-groen-ligbruin kleure. Hulle het volkome gebreek met enigiets wat tot dusver op die gebied van posseëlontwerp in Suid-Afrika vertoon was. Die komitee het hierdie ontwerpe met vertroue aan die Departement van Pos- en Telegraafwese aanbeveel.




Desondanks het dié Departement die ontwerpe afgekeur, en hiervoor was daar 'n grondige rede. Modernisering was een ding, maar die ontwerpe, hoe kunssinnig ook, sou slegs deur 'n klein deel van die bevolking kon verstaan word. Aan die breë massa sou hulle betekenis totaal onbegryplik bly — die herdenking was ten slotte 'n fees vir almal. Bowendien was die uitbeeldings baie algemeen; nie tipies 'n groeibeeld met betrekking tot Suid-Afrika nie.

Dit blyk egter dat die probleem vir Skotnes self intussen ook nie losgelaat het nie. Nadat hy van die departementele besluit in kennis

gestel is, het hy binne 'n verrassende korte tyd met vier nuwe ontwerpe te voorskyn gekom.

Een ontwerp was die silhoeët van 'n tipiese Suid-Afrikaanse tafelberg met 'n regaf krans en die see op die voorgrond. Of mens hierin 'n willekeurige berg, Tafelberg, of 'n mynhoop wil sien, maak nie veel verskil nie. Daar is 'n geweldige suggestie van ruimte in hierdie uitbeelding en nêrens sal 'n mens op 'n posseël so 'n sprekende weergawe van die inhoud van die eerste drie reëls van ons volkslied aantref nie! Die ontwerp vir die hoogste waardseël was 'n wit, ondefinieerbare voël; simbool van vryheid en voorspoed, wat opwaarts beweeg teen 'n toekomsmotief op die agtergrond. Daar is 'n sterk suggestie van snelheid in hierdie ontwerp. Die twee tussenwaardes het twee belangrike gebiede van voorspoed aangedui, nl. die industrie deur middel van 'n myntoring en 'n elektriese kragstasie, en die landbou deur middel van 'n mielieplant. Hierdie laaste seël simboliseer tegelykertyd die groei van 'n volk. Hierdie twee seëls se hoofkleure is rooiruin, geel, wit en 'n gedempte rooi. Die van die ander twee ontwerpe is groen, blou, ligbruin en wit. Dit is duidelik dat daar nou ook weer, net soos by die eerste ontwerpe, 'n deurlopende gedagte was, wat die vier seëls met mekaar tot een geheel verbind het.

Die komitee moes eenparig erken dat hierdie ontwerpe nog meer deurdag en gepas was as die eerste stel. Dit was ontwerpe van 'n sterk tegniese uitvoering, wat deur almal verstaan kon word. Die Departement was ook aangenaam verras en het slegs 'n klein aantal veranderinge aanbeveel. Die kleur van die twee tussenwaardes moes meer kontrasteer omdat dit anders moontlik by die praktiese hantering van die seëls, moeilikhede kon veroorsaak. Die seël wat die voorspoed uitgebeeld het, moes 'n bietjie meer perspektief kry, anders sou dit lyk asof die voël in 'n afgeslote ruimte beweeg. Albei hierdie aanbevelings is uitgevoer: die kleure is verander en voor die voël se snawel is 'n inkeping in die lyne aangebring wat die beoogde effek bereik het. Die Departement was egter ook van mening dat die waardes moes verander. Die voël op die hoogste waarde van die stel, sou lugpos kan suggereer en gevolglik is die waarde verander na 2½c, terwyl die Suid-Afrikaanse berg en see na die hoogste waarde, 7½c verskuif is. Die ander twee seëls het nou ook verander: die industrie het 1c, die mielies 3c geword. In hierdie volgorde is die ontwerpe op juiste seëlgrootte aan die kabinet voorgelê.

Die Kabinet het die seëls baie gunstig ontvang, maar daar is 'n paar veranderings aanbeveel. Op grond hiervan is die ontwerp van die 1c seël (industrie) vervang deur 'n gestileerde ontwerp van 'n diamant teen 'n agtergrond van vlakke, wat die verskillende fasette van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die begin van industriële ontwikkeling simboliseer. Die hoofkleur is groen, sonder bykleure. Dit was juis gesien: immers, 'n diamant is deurgaans 'n kleurlose steen en te veel verskillende kleure, sou dit na 'n ander edelsteen laat lyk het.

Die tweede aanbeveling van die kabinet het baie hoofbrekens besorg. Daar is destyds besluit dat ons seëls die opskrif „Republiek van Suid-

Afrika" en „Republic of South Africa" sou dra. Kritici het al baie opmerkings gemaak oor die groot aantal letters wat daar op ons posseëls voorkom, maar hulle het nooit sover gekom om ook 'n oplossing aan die hand te doen nie. Op die ontwerpe vir die herdenkingseëls is aanvanklik met die drie letters R.S.A. volstaan. Die regering was egter nie bereid om op hierdie stadium van die oorspronklike besluit op 'n volledige teks afstand te doen nie. As gevolg van die groter aantal letters wat nou op die seëls moes kom, het die komposisie van die ontwerpe in die gedrang gekom. Die waarde-aanduidings is oral heen verskuif en veral op die 7½c-seël, wat 'n geweldige suggestie van wydsheid en rus gehad het, sou te veel teks 'n funeste invloed uitoefen.




Op hierdie stadium het die staatsdrukker met sy ryp ervaring die weg na 'n oplossing aangewys. Na 'n lang bespreking, waarby ook nog weer die Minister van Pos- en Telegraafwese se raad gevra is, is besluit om in die eerste plek die seëls eentalig te maak. Hiermee is, as uitsondering, gebreek met die tradisie van tweetalige seëls. Sodoende is die omvang van die bykomende teks met die helfte verminder. Vervolgens het die staatsdrukkery die moontlikheid bestudeer om die grootte van die teks „Republiek van Suid-Afrika" en „Republic of South Africa" nie meer ruimte laat inneem as wat die letters R.S.A. op die oorspronklike ontwerpe sou ingeneem het nie. Nogtans sou daarvoor gesorg word dat die woorde duidelik leesbaar sou wees. Hoewel die drie letters R.S.A., vanselfsprekend

rustiger is as 'n komplete sin, is die steurende element nou tog tot 'n minimum beperk en is die komposisie van die ontwerpe nie aangetas nie.

Die ontwerp van die eerstedag-koevert, ook deur Cecil Skotnes, het bestaan uit 'n blik op 'n Suid-Afrikaanse berg (vgl. die 7½c seël) met die simbool van vooruitgang soos 'n ronde skyf op die agtergrond. Ook hierin het later nog weer verandering gekom en uiteindelik is besluit om 'n ontwerp van die Pulisiteitstak van die Poskantoor te aanvaar. Dit het bestaan uit die boonste gedeelte van die spesiale stempel wat op 31 Mei gebruik sou word: 'n gestileerde wiel van vooruitgang, twee hande




en 'n fakkel. Hieronder is die kaart van die Republiek aangebring. Die kleure is blou en grys. Cecil Skotnes het met hierdie ontwerp ingestem. Op die koevert staan ook die woorde: Repuliekfees — Republic Festival, Republiek van Suid-Afrika — Republic of South Africa, Pretoria 31.5.66. Met die afmeting van die koevert, is rekening gehou met die feit dat die posseëls eentalig is en dat daar gevolglik 'n dubbele stel nodig is, sonder egter dat dit te groot en gevolglik onderhewig aan beskadiging in die pos geword het. Die amptelike eerstedag-koeverte sal voortaan genommer word. Bogenoemde koevert is no. 3, met die aanduiding daarvan regs onder. (No. 1 was die I.C.U.-kaart, no. 2. die Kerkherinneringseëls.) Ook die plek vir die adres word duidelik aangegee.

* * *

Dit is die voorgeskiedenis van ons Republiekfees-seëls. Inmiddels het dit Februarie geword en die tyd het verby gesnel. Daar moes blokke

en silinders gemaak word, die seëls moes gedruk word en betyds na alle poskantore en agentskappe in ons land versprei word. Kennisgewings, foto's en beskrywings moes na die buiteland gestuur word. Dit bring ontsaglik baie werk mee, maar op hierdie stadium was dit grotendeels roetine-werk.

Waarom is hierdie seëls so belangrik? Elkeen sal vir homself moet uitmaak of hy van die seëls hou. Die feit bly egter staan, dat hierdie posseëls deur 'n eersterangse Suid-Afrikaanse kunstenaar ontwerp is. Bowendien sal niemand ooit kan sê dat die leidende posowerhede nie die voorkoms van ons seëls op hul hart dra nie. Inteendeel, aan min seëls is so geswoeg en soveel aandag bestee, as juis aan hierdie Republiekfees-seëls. Ewemin kan gesê word dat die enkeltaligheid van die seëls geldmakery is.




Die gebruiklike 12½c waarde vir geleentheidseëls is selfs deur 'n baie laer waarde, nl. 7½c, vervang, omdat die stel anders moontlik te duur sou kon word!

Die Republiekfees-seëls vertoon moderne en verantwoorde ontwerpe wat volkome daarin slaag om 'n moderne land te simboliseer. Van sentimentaliteit is daar geen spoor nie. Niemand sal kan ontken dat hierdie posseëls in een slag ons Suid-Afrikaanse seëls 'n leidende posisie op 'n internasionale vlak gegee het nie. Hulle is 'n simbool van vooruitstrewendheid!

Prof. F. G. E. Nilant.